

Western – ‘n Amerikaanse droë klimaat kultivar wat nog baie potensiaal in Suid-Afrika het.

Western I (lig grys)

Western word in die droër dele van die VSA beskou as ‘n “no nonsense tree” en is baie gewild in die Mesilla Valley in Las Cruces, New Mexiko. Die vallei het kalkerige, hoë pH grond en sinktekort kom algemeen voor. Sink word deur die kalk in die grond vasgelê en is nie in voldoende hoeveelhede vir die pekanbome beskikbaar nie. Western het ‘n baie lae sinkbehoefte en is dus ‘n uitstekende keuse vir grond met hoë kalkvlakke. Die kouebestandheid van Western is baie goed en raamtakke met sterk mikke word gevorm.

Bestuiwing

Western kan baie help met die bestuiwing van Wichita, Choctaw en Navaho en sal die beste deur Wichita bestuif word. Western is ‘n uitstekende uitdop kultivar en lewer ‘n hoë persentasie ligkleurige heel halwes. In areas met hoë hitte eenhede word groter neute geproduseer wat geskik sal wees om indop na China uit te voer.

Voordele

- +2ton kultivar, hoë opbrengs
- Baie lae sinkbehoefte
- Goeie koue verdraagsaamheid
- Sterk mikke en sterk raamtakke
- Kom vroeg in produksie
- Hoë uitdoppersentasie (58%)
- Ligte kernkleur.

Nadele

- Benodig goeie waterbestuur
- Gevoelig vir bladspringer
- Klein neute in areas met lae hitte-eenhede
- Swak weerstand teen skurfsiekte
- Aanplantings word beperk tot die droë, westelike binneland

Nuwe aanplantings

Western as hoofkultivar saam met 10-20% Wichita as bestuier word aanbeveel vir kalkerige hoë pH grond met kalkbanke. In die droë Hoëveld streek waar koueskade op pekans voorkom kan Western suksesvol geplant word, maar die neute sal klein wees en sal as uitdop neute aan verwerkers gelewer moet word.

Opgestel deur Heiko Meier.